REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

VOL. 415

CAPE TOWN, 14 JANUARY 2000

KAAPSTAD, 14 JANUARIE 2000

No. 20813

OFFICE OF THE PRESIDENCY

No. 36. 14 January 2000

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 58 of 1999: Local Government: Municipal Structures Amendment Act, 1999.

KANTOOR VAN DIE PRESIDENSIE

No. 36. 14 Januarie 2000

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 58 van 1999: Wysigingswet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1999.

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

(English text signed by the President.)
(Assented to 12 January 2000.)

ACT

To amend the Local Government: Municipal Structures Act, 1998, so as to vest the power to determine whether an area must have a single category A municipality or whether it must have municipalities of both category C and category B in the Municipal Demarcation Board; to vest the power to declare a part of the area of a category C municipality as a district management area in the Municipal Demarcation Board; and to remove the power of the Minister to determine guidelines for types of municipalities and to determine the term of municipal councils; and to provide for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Substitution of section 4 of Act 117 of 1998

1. The following section is hereby substituted for section 4 of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (hereinafter referred to as the principal Act):

"**Application of criteria**

4. (1) The **[Minister]** Demarcation Board must—

(a) apply the criteria set out in section 2 and determine whether an area in terms of the criteria must have a single category A municipality or whether it must have municipalities of both category C and category B; and

(b) determine the boundaries of the area in terms of the Demarcation Act.

(2) The **[Minister]** Demarcation Board may determine that an area must have a category A municipality only after consultation with the Minister, the MEC for local government in the province concerned **[the Demarcation Board]** and SALGA **[and organised local government in the province]**.".

Repeal of section 5 of Act 117 of 1998

2. Section 5 of the principal Act is hereby repealed.

Amendment of section 6 of Act 117 of 1998

3. Section 6 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsections (2) and (3) of the following subsections, respectively:

WYSIGINGSWET OP PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE STRUKTURE, 1999 **Wet No. 58, 1999**

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

(Engelse teks deur die President geteken.)
(Goedgekeur op 12 Januarie 2000.)

WET

Tot wysiging van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998, ten einde die bevoegdheid om te bepaal of 'n gebied 'n enkele kategorie A munisipaliteit en of dit munisipaliteite van beide kategorie C en kategorie B moet hê, in die Munisipale Afbakeningsraad te setel; die bevoegdheid om 'n gedeelte van die gebied van 'n kategorie C munisipaliteit as a distrik betuursgebied te verklaar in die Munisipale Afbakeningsraad te setel; en die bevoegdheid van die Minister om riglyne vir soorte munisipaliteite te bepaal en om die termyn van munisipale rade te bepaal, weg te neem; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Vervanging van artikel 4 van Wet 117 van 1998

1. Artikel 4 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Toepassing van maatstawwe**

4. (1) Die **[Minister]** Afbakeningsraad moet—

(a) die maatstawwe uiteengesit in artikel 2 toepas en bepaal of 'n gebied ingevolge dié maatstawwe 'n enkele kategorie A munisipaliteit moet hê en of dit munisipaliteite van beide kategorie C en kategorie B moet hê; en

(b) die grense van die gebied ingevolge die Afbakeningswet bepaal.

(2) Die **[Minister]** Afbakeningsraad kan bepaal dat 'n gebied 'n kategorie A munisipaliteit moet hê, slegs na oorleg met die Minister, die LUR vir plaaslike regering in die betrokke provinsie **[die Afbakeningsraad]** en SALGA **[en georganiseerde plaaslike regering in die provinsie]**.".

Herroeping van artikel 5 van Wet 117 van 1998

2. Artikel 5 van die Hoofwet word hierby herroep.

Wysiging van artikel 6 van Wet 117 van 1998

3. Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikels (2) en (3) deur onderskeidelik die volgende subartikels te vervang:

"(2) The **[Minister, on the recommendation of the]** Demarcation Board, **[and]** after consulting the Minister and the MEC for local government in the province concerned, may by notice in the *Government Gazette* declare a part of an area that must have municipalities of both category C and category B as a district management area, if the establishment of a category B municipality in that part of the area will not be conducive to fulfilment of the objectives set out in section 24 of the Demarcation Act.

(3) *(a)* The **[Minister, on the recommendation of the]** Demarcation Board, **[and]** after consulting the Minister and the MEC for local government in the province concerned, may by notice in the *Government Gazette* withdraw the declaration of an area as a district management area.

(b) When such declaration is withdrawn, the MEC for local government in the province concerned must, in accordance with any boundary determinations or redeterminations of the Demarcation Board and with effect from the date of the next election of municipal councils—

(i) establish a local municipality for that area in terms of section 12; or

(ii) include that area into another local municipality in terms of section **[16]** 17.".

Repeal of section 13 of Act 117 of 1998

4. Section 13 of the principal Act is hereby repealed.

Amendment of section 24 of Act 117 of 1998

5. Section 24 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The term of municipal councils is **[no more than]** five years, **[as determined by the Minister by notice in the *Government Gazette*]** calculated from the day following the date or dates set for the previous election of all municipal councils in terms of subsection (2).".

Short title

6. This is the Local Government: Municipal Structures Amendment Act, 1999.

"(2) Die **[Minister kan, op aanbeveling van die]** Afbakeningsraad kan, **[en]** na oorleg met die Minister en die LUR vir plaaslike regering in die betrokke provinsie, by kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n gedeelte van 'n gebied wat beide kategorie C en kategorie B munisipaliteite moet hê, as 'n distrik bestuursgebied verklaar indien die instelling van 'n kategorie B munisipaliteit in daardie gedeelte van die gebied nie bevorderlik vir die bereiking van die oogmerke uiteengesit in artikel 24 van die Afbakeningswet sal wees nie.

(3) *(a)* Die **[Minister kan, op aanbeveling van die]** Afbakeningsraad kan, **[en]** na oorleg met die Minister en die LUR vir plaaslike regering in die betrokke provinsie, by kennisgewing in the *Staatskoerant* die verklaring van 'n gebied as 'n distrik bestuursgebied terugtrek.

(b) Wanneer so 'n verklaring teruggetrek word, moet die LUR vir plaaslike regering in die betrokke provinsie, in ooreenstemming met enige grensbepaling of -herbepaling van die Afbakeningsraad en met ingang van die datum van die volgende verkiesing van munisipale rade—

(i) 'n plaaslike munisipaliteit in daardie gebied ingevolge artikel 12 instel; of

(ii) daardie gebied in 'n ander plaaslike munisipaliteit ingevolge artikel **[16]** 17 insluit.".

Herroeping van artikel 13 van Wet 117 van 1998

4. Artikel 13 van die Hoofwet word hierby herroep.

Wysiging van artikel 24 van Wet 117 van 1998

5. Artikel 24 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die termyn van munisipale rade is **[hoogstens]** vyf jaar, **[soos deur die Minister by kennisgewing in the *Staatskoerant* bepaal]** bereken vanaf die dag wat volg op die datum of datums wat vir die vorige verkiesing van alle munisipale rade ingevolge subartikel (2) bepaal is.".

Kort titel

6. Hierdie Wet is die Wysigingswet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1999.

PRINTED BY CREDA COMMUNICATIONS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—8000
GEDRUK DEUR CREDA COMMUNICATIONS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—8000